

PREEK
27 MEI 2018

1. **TEKS:** Efes 4: 12-16; (15); 1:10, 22; 5: 23v; Kol 1: 15-20 (18); Fil. 2: 5-11 (10)
2. **TEMA:** 'n Lyf sonder 'n kop.
3. Soos 'n lyf sonder sy kop so is 'n kerk sonder Christus as Hoof. Die menslike hoof huisves die brein wat alle funksies van die menslike liggaam beheer. Via 'n ingewikkelde senu-netwerk stuur die brein boodskappe na elke liggaamsdeel en gee opdragte aan spier en sel. Breinbeserings lei tot inkorting van liggaamsfunksies. Ons sien dit wanneer iemand 'n beroerte kry en/of in 'n ongeluk hoofbeserings opdoen. Die hoof-metafoor is een van baie beelde wat die Bybel gebruik om Christus na Sy **God-heid** en **mens-heid** te beskryf, bv. Immanuel, Seun van God, Seun van die mens, Seun van Dawid, Messias/gesalfde/Christus, Herder, Koning, Hoëpriester, Profeet, Weg/Waarheid/Lewe, Wynstok, Woord, Lig, Lam, Verlosser, Beeld van God, Middelaar, Alfa en Omega, Hoeksteen ens. Hieruit lei ons dadelik af dat 'n enkele beeld tekortsiet om alles oor Christus te sê. Tog word daarmee taal gevind om die onsêbare te beskryf. Deur middel van die Hoof-metafoor wil die Bybel vir ons iets van die posisie wat Jesus tans beklee, verduidelik. In die gelese gedeeltes sien ons dat God die Vader Jesus na Sy opstanding tot dié posisie verhoog het. Jesus is nou Hoof oor die hele Skepping – hemel en aarde. Hy besit al-mag. Hy voer oppergesag en heerskappy soos 'n Koning oor Sy ganse ryk. Nie almal in die ryk aanvaar Jesus se oppergesag nie. Daar is groot weerstand! Terwyl Hy die opperbelvoerder oor die skepping is, word Hy spesifiek die Hoof van die kerk genoem. Daarmee saam word die kerk as 'n liggaam beskryf. Met ander woorde. Die verhouding van Jesus tot sy kerk is soos die verhouding tussen jou hoof (=brein) en jou liggaam. Jesus gee opdragte aan elke lidmaat afsonderlik/gesamentlik via Sy Woord en Gees en saam funksioneer alle lidmate soos 'n liggaam. Dit is hoe dit veronderstel is om te werk. Jesus se opdragte is die KPA's van elke gelowige individueel en kollektief. Dié opdragte word opgesom as :

“ ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand.

Dit is die grootste en die eerste gebod.

En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ (Matt 22:27-30).

Dit sluit in aanbid/bid, bely/vergewe, dien, offer, getuig, eer/respekteer, ens.

Ongehoorsaamheid aan dié opdragte is soos wanneer die liggaam die opdragte van die brein ignoreer. Dit het ramspoedige gevolge. Ongehoorsaamheid is die direkte gevolg van die invloed van die eerste Adam. Adam het sy rug op God se opdrag gedraai en sy eie kop gevolg. Tot vandag toe ly die hele skepping aan die gevolge. In Sy genade het God 'n Verlossingsplan ontwerp en dit deur Christus – die tweede Adam tot uitvoering gebring (Rom 5:12-21). Terwyl Adam die mens van God vervreem, het Christus ons met God versoen. Daarvoor het Hy aan die kruis die sonde-vloek wat op ons rus sowel as ons sonde –skuld uitgewis. Met Sy opstanding is Hy as tweede Adam God se eerste Mens-skepping in die nuwe bedeling (=Eersteling: Kol 1:18). Elkeen wat in Hom glo, word deel van dié nuwe skepping. Nou is Hy ons Hoof, ons Brein, ons Opdraggewer. Terwyl Hy op aarde geleef het, het Hy gedemonstreer wat God se oorspronklike skeppingsdoel met ons was. As beelddraers van God moes ons rentmeesterskap oor die skepping aanvaar. Al die wonderwerke wat Jesus gedoen het (genesings, uitdryf van duiwels, natuurwonders ens.) was deel van dié opdrag. In navolging van Adam het ons God-vervreemd geleef en so ons opdrag versaak. In navolging van Christus neem ons nou weer die opdrag op bygestaan deur die Heilige Gees. Ons doen wat ons Hoof

sê. So modelleer ons aan 'n steeds God-vervreemde wêreld wat gehoorsaam-wees is. Dit is 'n daaglikse proses van afsterf van die ou Adam en opstaan en leef in en navolging van die tweede Adam. Om ons daarmee te help, is die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort en het Hy binne in die Liggaam van Christus (=kerk/gemeente) kom woon - alles deel van God se Meester- /Verlossingsplan!

Die Heilige Gees is die "senu-netwerk" wat boodskappe van die "brein (Christus) na elke ledemaat (lidmaat) dra en terug." Daarom is 'n ongehoorsame gemeente/lid soos 'n liggaam wat die Opdraggewer ("Brein") ontken. Dit is soos 'n lyf sonder 'n kop.

Hoe ons dus Jesus sien, bepaal hoe ons leef. Erken ons Hom as ons Brein, voer ons Sy opdragte uit. Die omgekeerde is ook waar. Dit kan nou gebeur dat ons aan een van die metafore wat Hom beskryf, voorkeur gee en die ander ignoreer. So byvoorbeeld kan ons sy Herderskap koester en dankbaar en getroos lewe omdat Hy sorg en beskerm. In die proses kan ons só aan die ontvangkant leef (bewus/onbewus) dat ons vergeet dat die Herder ook gesê het: "**my skape luister na my stem en volg My**" (Joh 10:4). By implikasie sê Jesus dat ons in navolging gehoorsaam moet wees, maar dit word m.b.v. die Hoof-liggaam beeld baie duideliker gesê. So komplimenteer die metafore wat Jesus beskryf mekaar en kan ons nie een bo die ander uitsonder nie. Dan verskraal ons Jesus en maak 'n "af-god" van Hom. En dit gebeur maklik! Mag die Here ons daarvan behoed.

AMEN